***Nouveau Kollege &***
***Pikanini Kampus***
**R362, Karoovlak**
**Vredendal**
**8160**
**Pos: Posbus 553, Vredendal, 8160**

Excelsius
Nouveau Kollege

*26 Jaar van Gehalte: 1998 tot 2024*

**Telefoon: 027 470 0117**
**Skoolhoof: hoof@nkollege.co.za**
**Administrasie: admin@nkollege.co.za**
**Sport: sport@nkollege.co.za**
**Beheerraad: beheerraad@nkollege.co.za**

**29 APRIL 2024**
**OMSENDSKRYWE: 06/2024**




**In hierdie omsendskrywe:**

- **DANKIE VIR SKENKING: NASHUA**
- **FINALE REëLINGS: SUID-KAAP TOER**
- **WINTERDRAG**
- **STUDIE-KURSUS BY NOUVEAU**
- **SKOOLKONSERT: 7 en 8 AUGUSTUS '24**
- **LESTER DIEDERICKS in GESPREK**
- **BELANGRIKE DATUMS**
- **ONS STREWE: KINDERS MET KARAKTER!**

**Beste Ouers**

## BAIE DANKIE VIR DIE SKENKING, NASHUA!

Baie dankie **NASHUA, VREDENDAL**, wat die O/13-span se rugbytruie geborg het. Ons is trots om met ons plaaslike besighede geassosieer te word. Nouveau-ouers kan gerus die besighede wat ons skool ondersteun, ondersteun wanneer hulle dié besighede se dienste benodig. Hou dus ons borge dop. Nogmaals dankie, **NASHUA**.

## FINALE REëLINGS: SUID KAAP TOER

Dié toer se finale reëlings is per WhatsApp aan die betrokkenes gestuur. Indien u enige verdere inligting benodig, skakel met **Me. Marí Weideman**. In geval van nood, kan u enige van die volgende nommers tydens die toer kontak:

| | |
|---|---|
| Mnr. Johann Esterhuyse | 082 894 5544 |
| Me. Marí Weideman | 082 880 0399 |
| Me. Suné van Huyssteen | 076 789 2825 |

Ons vertrou dat die leerders die ervaring sal geniet en dat hulle lank na die toer nog sal teer op die lekkerte daarvan!

# WINTERDRAG vanaf 2 Mei 2024 - verpligtend

Die leerders sal vanaf Donderdag, 2 Mei 2024, **WINTERDRAG** skool toe dra. Vir u gerief plaas ons weer die voorskrifte van die **WINTERDRAG** en ons vertrou dat ons leerders netjies en volgens die voorskrifte aangetrek, skool toe sal kom. Indien u enige navrae oor skooldrag het, kontak asseblief vir Me. Arina Southey, wat ons skooldrag met verskaffers hanteer.

| WINTER | Seuns | Dogters |
|---|---|---|
| **Skooldrag** | Grys kort- of langbroek, wit skoolhemp met skoolwapen en 'n kraag wat 'n das kan akkommodeer. Lang grys sokkies en swart skoolskoene met veters. Skooldasse word net vir spesiale geleenthede en saal byeenkomste gedra. 'n Opsionele skooltrui of skool sweetpakbaadjie is toelaatbaar. In beide gevalle moet dit 'n geborduurde skoolwapen op hê. [GEEN wit hemp-wapen op truie, asseblief.] | Die nuwe geruite skoolrompie, wit skoolhemp met skoolwapen en 'n kraag wat 'n das kan akkommodeer. Skooldasse word net vir spesiale geleenthede en saal byeenkomste gedra. Vloot kleurige, ***dik*** "broekiekouse". Swart skoolskoene met 'n gespe. 'n Opsionele skooltrui of skool sweetpakbaadjie is toelaatbaar. In beide gevalle moet dit 'n geborduurde skoolwapen op hê. [GEEN wit hemp-wapen op truie, asseblief.] |
| **Sportdrag** | Vloot (navy) kleurige LO-broek en jade-kleurige gholfhemp met skoolwapen. Wit of vloot kleurige tekkies. Graad 1 tot 5 mag ook kaalvoet skool toe kom op hierdie dae. | Vloot (navy) kleurige LO-broek of sport rompie, en jade-kleurige gholfhemp met skoolwapen. Wit of vloot kleurige tekkies. Graad kaalvoet dogter sop sportdae nie. Asseblief. |
| **Navrae in hierdie verband kan by ARINA SOUTHEY gedoen word. 073 297 2053** | | |

Aanknip dasse is by die skool te koop teen **R130** per das.
Hierdie dasse is maklik om te gebruik en vertoon baie netjies –
iets waarna ons strewe,
***'n Nouveau-leerder moet immers uitstaan vir hul o.a. hul netheid!***



# STUDIE KURSUS BY NOUVEAU

DATUM: **17 en 18 Mei 2024 (Dit is 'n Vrydagmiddag en Saterdagoggend.)**
PLEK: Nouveau Kollege
KOSTE: R750 per leerder en ouers wat leerders vergesel is GRATIS.

**TYE:**

**Vrydagmiddag: 15:00 – 17:30**

*Sessie 1*: Bespreking van die breinprofiele, hoe leer linker- en regter breine, studiewenke en metodes om maklik te memoriseer.

**Saterdagoggend: 09:00 – 11:30**

*Sessie 2:* Hoe om 'n begripstoets te beantwoord. Hoe om 'n goeie opsomming te maak. Meer studiewenke.
Tydsbestuur: 'n Huiswerk- en Hersieningsrooster vir elke dag.

# KONSERT: DIE ROTTEVANGER VAN HAMELN





Die personeel en leerders het begin met die voorbereiding van die skoolkonsert. **Me. Ronél Lesch** sal as regisseur optree en sy sal ook verantwoordelik wees vir afrigting van die hoof karakters. Al die onderwysers sal groepe kinders afrig en dit beloof om hoogs vermaaklik te wees.

Ons stuur die musiek wat elke klas moet oefen aan elke graad via WhatsApp. Die leerders kan dit tuis oefen, aangesien ons dit in die musiekklasse begin oefen het en elke leerder ook oor die gedrukte woorde beskik.



Ons vertrou dat u hierdie reëling so in orde sal vind en dat u op 7 en 8 Augustus 2024 die eindproduk sal geniet.

# GESPREK MET LESTER DIEDERICKS



Op Vrydag, 19 April 2024, het Lester Diederiks ons seuns kom toespreek. Die seuns het die gesprek baie geniet en goeie lewenslesse daar geleer.

Hulle het o.a. geleer wat dit beteken om verantwoordelike en brawe seuns te wees – braaf genoeg om die regte ding te doen, al doen almal rondom hulle, die verkeerde ding. Ons sal beslis ons seuns aan hierdie leerskool verder wil blootstel.

# BELANGRIKE DATUMS

| | | | |
|---|---|---|---|
| **<u>WEEK 4B</u>** | **<u>NASORG SOOS NORMAAL</u>** | | |
| Dinsdag | 2 Mei | SPORT: GEEN | |
| Sondag | 5 Mei | **SUID-KAAP TOER** vertrek: **WES-KERK** in Vredendal | 9:00 |
| | ***Pinksterdienste vanaf 9 tot 19 Mei 2024 – vir kennisname*** | | |
| Donderdag | 9 Mei | **HEMELVAART** – normale skoolure | |
| | | **SPORT: MASKAM PS** (Tuis. Geen graad 6- en 7 spelers.) | |
| | | **SUID-KAAP** toer keer terug | |
| **<u>WEEK 5</u>** | **<u>NASORG SOOS NORMAAL</u>** | | |
| Maandag | 13 Mei | Beheerraad vergadering (Bestuur) | 18:00 |
| Dinsdag | 14 Mei | Mini-toets: NWT | |
| | | **SPORT**: Uitkyk PS (tuis) | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Donderdag | 16 Mei | **SPORT**: Doringbaai PS (weg) | |
| Vrydag | 17 Mei | PERSONEEL SPANBOU-AAND<br>**STUDIE-METODES** te Nouveau | 15:00 |
| Saterdag | 18 Mei | **STUDIE-METODES** te Nouveau | |
| **WEEK 6** | **NASORG SOOS NORMAAL** | | |
| Maandag | 20 Mei | **EKSAMEN**: PSW | |
| Woensdag | **22 TOT 25 MEI: WINTERMARK * Leerders gaan normaal skool** | | |



## ONS STREWE: KINDERS MET KARAKTER!

Vriendelike groete

PJ ESTERHUYSE
SKOOLHOOF

### SPORT KODE VAN NOUVEAU KOLLEGE

Nouveau Kollege wil sien dat elkeen wat betrokke is by die beoefening van sport – die spelers, die afrigters, die skeidsregters, die organiseerders, die ouers en die toeskouers die volgende waardes voorop sal stel:

**SPANWERK, RESPEK, PLESIER, DISSIPLINE en SPORTMANSKAP**

Speel om te wen – maar nie ten alle koste nie.
Wen met waardigheid - verloor met grasie.
Bly by die reëls van die spel.
Toon respek teenoor die teenstanders, skeidsregter en almal teenwoordig.
Verwerp verneukery, rassisme, geweld en verkleinering van opponente.
Waardeer vrywilligers en betaalde amptelike amptenary.
**BOWENAL: GENIET DIE SPEL!**

